

3 November

Matteus 5:1-12

Godskind - vervolgte kind

Met vers 10 van Matteus klink die laaste saligspreking. Nogeens 'n 2

Al die saligsprekinge grawe diep maar hierdie een grawe op sekere punte nog dieper as al die ander, 'n Saligspreking wat die hart van die Evangelie raak.

Salig is u as u vervolgt word omdat u doen wat reg is. Met ander woorde: U weier om in die sonde te leef en lewe soos 'n verlore. Nie salig omdat u vervolgt word omdat u goed is of edel of selfopofferend nie. Die goeie en edeles ontvang gewoonlik liefde in die wêreld en word juis nie vervolgt nie. U moet daarvan seker maak of u, indien u vervolgt word, vervolgt word ter wille van die Here se Naam, sy eer. Dalk is dit omdat mense eenvoudig vir u onplesierige en hoogmoedige gesindheid moeg is. Het u vervolgers dit werklik teen die Here of teen die manier waarop u u eie standpunt op hulle probeer afdwing?

Doen soos Jesus gedoen het. Sagmoedig en ewig goed. Hy was anders en selfs die Fariseërs en Skrifgeleerdes het Hom gehaat. Nie omdat Hy so goed was nie maar omdat Hy so anders was. En u? Word u vervolgt omdat die kruis en die Golgota-waarheid vir u meer as die lewe is? Vervolg omdat u weet hoe afhanklik u van God is; treur oor u sonde; sagmoedig is; honger en dors na wat reg is; barmhartig is; rein van hart is; 'n vredemaker is? Dan behoort die koninkryk van die hemele aan u. Hoekom word u vervolgt? Geseënd is u as dit ter wille van die geregtigheid is.

Sing: Psalm 68:1, 16

Ds. P.H. Heystek (Pretoria-Montanapoort)